# LLEWELLYN KRIEDEMANN

**Datum:** 17 April 2011
**Plek:** Marion Eiland
**Vraagsteller (V):** Lize-Marie van der Watt | Departement Geskiedenis|Universiteit Stellenbosch
**Antwoordsteller (A):** Llewellyn Kriedemann |Radiotegnikus ; onderleier| Gough 55| 2009

**V** Hierdie is `n mondelingse geskiedenisonderhoud met Llewellyn Kriedemann op Marion Eiland, 17 April 2011. Jy was op Gough gewees.

**A** Dis reg.

**V** Wat was jou spannommer en jaar?

**A** Dit was Gough 55. Dit was 2009 tot 2010, as ek dit reg het.

**V** Okay, so met ander woorde, jy het September laas jaar teruggekom?

**A** Dit is reg, ja.

**V** Okay dan. En wat het jy daar gedoen?

**A** Daarso was ek die *radio tech* gewees op die span. Dieselfde as wat ek hierso doen.

**V** Okay, en het jy, kon jy op die, jou ondervinding wat jy by SANAE gehad het, het dit jou enigsins gehelp met hierdie werk?

**A** Dit het so bietjie gehelp omdat die werk wat ek op SANAE gedoen het, baie van dit is ook radio tipe ondervinding.

**V** Ja.

**A** En dan, soos jy weet, radio *propagation* en daai tipe goed. So dit het my nogals so bietjie gehelp, daar was ook ander goed wat ek geleer het voor dat ek universiteit toe was, toe het ek nog so bietjie gewerk op elektriese toestelle en goed. Dit het my ook baie gehelp vir Gough self.

**V** Okay. Nou jy was op SANAE gewees, maar wat het jou laat besluit om Gough toe te gaan?

**A** Dit is eintlik nogal `n *weird* storie. Ek het, as jy terugkom van SANAE af by die ysmou, dan hulle wil h jy moet vir nog ses maande in Hermanus self nog werk. Dit is net half om oor te gee aan die volgende persoon wat afgaan SANAE toe vir daai selfde pos. So jy moet daai ou oplei.

**V** Sodat dit oorvleuel?

**A** Ja, sodat dit oorvleuel, en dan dis eintlik baie beter om die volgende ou op te lei. En ek het daar gesit, en ek het gesit en wonder, jy weet, wat gaan ek nou maak na hierdie wonderlike *experience* op Antarktika. En ek het, weet nie honderde werke wat ek deurgekyk het, ek kan net nie iets kry,wat jy weet, nie daai wat my laat dink het, jislaaik dit gaan nou lekker wees nie. Toe sit en dink ek nou miskien moet ek weer Antarktika toe gaan, maar nou net as iets anders, miskien een van die tegniese personeel. En toe bel ek vir Susan Vosloo in Pretoria, en ek sê vir haar, luister ek stel belang om Antarktika weer toe te gaan. Toe sê sy, okay nee, al die poste vir Antarktika is nou vol op daai stadium, maar stel ek nie belang om miskien Gough toe te gaan nie? Daarso is `n pos oop. Toe sê ek soos, okay, gee my so paar minute om daaroor te dink. Ek het so bietjie daaroor gedink en alles. Toe besluit ek soos, ja, hoekom nie.

**V** Oraait.

**A** En dit is net so `n *amazing* plek, so definitief. So toe het ek gegaan vir die *interview* en alles, en ek het die werk gekry.

**V** Fantasties.

**A** Ek was baie, baie bly daaroor.

**V** So wat het jy geweet van Gough voordat jy gegaan het?

**A** Ek het mos nou min of meer, omdat ek betrokke was by SANAP self, dan jy weet jy meer hoe die basisse is.

**V** Ja, die ander basisse, ja.

**A** En jy is ook in kontak met van die ander eilande, en omdat jy daai hele, of vriendekring is, dan jy praat met baie mense wat al op eilande soos SANAE nou byvoorbeeld was, en dan leer jy ook mense leer ken wat op Gough was en Marion was. So die stories en goed wat jy hulle so tussenin vertel, en dit gee jou dan ook `n redelike goeie prentjie van hoe dit is. Ek het nou nie geweet dat dit is so mooi soos wat dit daar was nie, maar ek het geweet, jy weet, dit is redelik koelerig, jy weet, winderig, baie reën, en dit is min of meer hoe ek verder gestrek het. Toe ek nou daar kom het ek natuurlik gesien, *wow*, die plek is rêrig *amazing*, so ja.

**V** So wat maak dit so *amazing*?

**A** Dit is baie moeilik om te verduidelik, dit is amper soos om, as jy nou huis toe gaan en jy probeer nou mense verduidelik hoe dit hierso is. Wat ek altyd probeer vir mense verduidelik, jy weet, as jy *Jurassic Park* al gekyk het. Jy weet daai eerste stuk op die eiland waar hulle so met die helikopter vlieg oor die eiland, dan is dit hierdie groen eiland met al hierdie varings, en die varingbome wat so groei, en dit lyk so oertipe eiland. Dis amper so iets, hoe Gough lyk. Dit is hierdie amazing plek, die varings en goed groei orals op die eiland, jy het hierdie *amazing* bome wat oral groei, en dan het jy nou hierdie massiewe albatrosse wat oral oor die eiland rondvlieg. Dit is net rêrig so *amazing*.

**V** Nou, beskryf nou die span voorbereidings vir Gough.

**A** Vir Gough is dit baie dieselfde as hierso, dit is ook maar *firefighting*, jy het jou *cooking training* wat jy lekker leer om kos te maak, jy het jou *first-aid*. Dit is maar die basiese goed net vir die eiland.

**V** Dan hoe het die verskil van die wat julle vir SANAE gedoen het?

**A** Die *firefighting* en goed was maar basies dieselfde gewees. Dit is net omdat ek al op SANAE was, het ek dit nou maarnet weer oorgedoen.

**V** Ja.

**A** Dit is maar mos soos `n *team building*-tipe ding.

**V** Ja. Natuurlik.

**A** So, doen dit maar net weer oor om net daai *bonding* ding te doen met al die mense.

**V** En moes jy spesifieke voorbereidings tref vir jou werk as *radio tech*, of...?

**A** Ja, ek het voordat ek begin het met die *team training* het ek in Kaapstad self gewerk. Toe het ek opleiding ontvang by Gideon-hulle vir die werk wat ek moes doen.

**V** Okay. En julle is toe ook met die Agulhas af..

**A** Ja, ja. Toe is ons weer met die Agulhas af, ons het hierdie keer, dink so 5 dae gevat toe kom ons by Tristan Da Cunha aan.

**V** Nou vertel vir my van Tristan.

**A** Jislaaik, dit is ook `n *amazing* plek, ons het daarso gestop, en toe het hulle ons afgevlieg. Soos al die mense wat op die skip is, wat nou wou afgaan. Toe het ons nou op die eiland self gaan rondloop daarso. Jislaaik daar is baie goed om te sien op die eiland. Maar toe het ek en `n vriendin van my besluit om liewers tot op die een piek van die eiland te klim. Dit is die een piek wat daar op is, `n vuurspuwende berg was.

**V** Die vulkaan?

**A** Ja, die vulkaan, wat in die 19…

**V** Sestigs?

**A** Ja 1965 of iets. Toe het ons nou besluit ons gaan daar opklim. Toe het ons het daar uitgeklim, en van daar af was die *view* wat ons gesien het natuurlik… Jislaaik, dis asemrowend om daar te sien. Toe het ons weer afgeklim daarso, en net bietjie rondgeloop in die dorp, dit is so `n *cute* klein dorpie wat daarso is. En die mense is natuurlik baie, baie, anders. Dit is mense…

**V** Ja, hoe bedoel jy anders?

**A** Hulle is net heeltemal anders. Hulle is nogal `n heel ander tipe mense. Hulle is so mengsel van `n sterk Engelse kultuur met so bietjie Suid-Afrikaans ingegooi.

**V** Hulle praat Engels, né?

**A** Ja, hulle praat soos Engels, met `n regte Engelse aksent, maar die snaaksste ding wat ons daar agtergekom het is hulle almal luister soos Afrikaanse musiek. Hulle verstaan nie `n woord wat die goed sê nie, maar hulle luister daai goed *full-volume* daarso.

**V** Soos Loslappie en…

**A** Ja, ja.

**V** [lag]

**A** Dit is hulle *favourite* musiek daai. Hulle kry natuurlik alles van Suid-Afrika af.

**V** Van die skepe…

**A** Al hulle *groceries*, jy weet, alles kom van Suid-Afrika af. En daar ry voertuie daar rond met Kaapse registrasienommers en alles.

**V** Nou die voertuie…

**A** Ja.

**V** Watter tipe voertuie alles?

**A** Hulle ry met bakkies jy weet? Bakkies en karre.

**V** Is die dorp so groot?

**A** Ja.

**V** Okay.

**A** Hy is nie verskriklik groot nie. Ek dink daar is 200 en iets mense op die dorpie, maar hy het paaie wat daar gebou is, en daar is `n hele paar bakkies wat daar rondry…

Hulle het natuurlik `n klomp skape, beeste en hoenders, jy weet? *The works* het hulle daarso.

**V** En is hulle nog besig met aartappels groei?

**A** Ja, ja. Dit is een van die *attractions* op die dorp is die *potato patches*.

**A** En dan kan jy nou `n rit uitvat na die *potato patches*, en dan kan jy nou daar gaan kyk, jy weet, hoe dit aangaan.

**V** En is hulle nou baie vriendelik, of is hulle maar skamerig?

**A** Hulle is nogal skamerig. Daar is party van die ouens wat baie, jy weet, vriendelik is en so, maar oor die algemeen, hulle kruip so half weg as mense daar aankom.

**V** Hulle doen so half hulle eie ding?

**A** Ja, ja. Ja. So ons het maar daar rondgeloop, en bietjie die eiland gaan *explore*. Gekyk hoe dit op die dorpie is en so, maar oor die algemeen sien jy nie verskriklik baie van die dorp se mense as jy op die dorp self is nie.

**V** Nou hoe lank was julle op die eiland?

**A** Ons was net `n paar uur wat ons daarso was. Hulle het ons in die oggend uitgevlieg, toe het ons rondgeloop en uitgeklim en so, en toe het hulle ons laat die dag weer teruggevlieg skip toe.

**V** O, okay.

**A** Toe is ons verder Gough toe.

**V** Dit is rêrig maar net `n kort..

**A** Ja, ja.

**V** Ongelooflik. Toe is julle van daar af Gough toe. Hoe ver se vaart is dit?

**A** Nee, dit is maar een dag se vaart.

**V** Ja. So die volgende dag…

**A** Ja, toe die volgende dag toe was ons daar. Ons het daar aangekom. Ek het nog gewag, want ek het gedink, weet, ons moet nou al daar wees, want die tye wat hulle vir ons gesê het ons gaan daar kom. Dit was nou al daai tyd gewees. Wel, ons is nie by die eiland nie. Almal sit binne-in die skip en almal sit en wag. Toe het ek nou my *GPS* gevat, en toe loop ek so agter, daar op die *poopdeck* uit, jy weet?

**V** Ja.

**A** Met my *GPS*, en ek sit en wag toe dat die *GPS* nou sy sein moet opvang. En ek het so gekyk na die *GPS*, toe sien ek hy wys ons is reg langs die eiland. Kyk die ding so, kyk ek so op, toe sien ek ons is reg langs die eiland, niemand het dit eens geweet nie.

**V** O!

**A** En toe is ons almal nou daar uit, op, bo op die *monkey deck*, en neem foto's en goed, maar soos jy nou so om die eiland vaar, die hele eiland, oral, is net soos watervalle wat so afval.

**V** *Wow*.

**A** En dan is dit nou hierdie groot albatrosse wat so oorvlieg, so dit is rêrig *amazing*

**V** En hoe is die weer?

**A** Dit was nogal mistig en reënerig gewees toe ons daar aankom, en redelik koelerig. Nou nie so koud soos hierso nie. Ek dink dit is nou kouer hierso as wat dit ooit daar op Gough was.

**V** Okay.

**A** Maar dit is soos Kaapse weer in die winter. Dit is redelik mistig, reënerig en winderig.

**V** En sneeu dit?

**A** Dit sneeu op die bergpieke, maar nooit onder by die basis nie.

**V** Het daar enigsins iets interessants gebeur op die vaart af?

**A** Daai kant toe? Nee, nie rêrig nie. Ons het natuurlik, daar is ouens wat visvang as ons by Tristan aankom.

**V** Okay.

**A** Maar daar mag jy visvang.

**V** Ja. Watter tipe vis het hulle gevang?

**A** Daarso vang jy baie Snoek, soos rêrig baie Snoek. Jy vang Geelstert.

**V** Ja.

**A** Jy vang Blouvis, `n groot, groot wit vis. Dan vang jy ook Jakob-kewers en *Five Fingers*.

**V** Ja.

**A** Wat jy daar kry.

**V** Fantasties.

**A** Maar jislaaik, die vis is volop daarso. As ons daar afgegaan het, die ouens met sulke houers vol vis wat hulle vang.

**V** Het hulle van die boot af visgevang, of het hulle sommer van die eiland af visgevang?

**A** Ja, daarso, jy vang van die boot af.

**V** Ja.

**A** As die skip nou daar buite Tristan lê, vang hom net so met die hand. Gooi dit net so af.

**V** Ja.

**A** En dan trek jy hom weer uit.

**V** Het julle 'n Tristan *Longboat* gesien?

**A** Ja, daar was `n paar van hulle daarso gewees.

**V** Het die ouens hulle gebruik?

**A** Ja.
**V** Of toe nie?
**A** Nee, nee. Kan nie sien dat hulle dit gebruik het nie, maar het mos nou maar nuwer *rubber ducks* en goed wat hulle gebruik. En die, daai *rafts* wat hulle gebruik om goed te laai. Maar die *longboats* is daar.
**V** Nou by Gough. So jy het so bietjie, die indrukke gegee wat jy gekry het by Gough.

**A** Ja. Ja.
**V** Nou waar presies lê die basis? Is dit `n ver reis tot daar, of?
**A** Nee, nee. Glad nie.
**V** So die helikopter tel jou op en gooi jou neer?
**A** Ja. Die skip gaan lê so reg voor die krans. Dit is baie, baie naby aan die krans wat die skip gaan lê.
**V** Ja.
**A** Die basis is net daar op die punt van die krans.
**V** Okay.
**A** En die helikopter styg maar net so op, seker 30 sekondes dan is jy op die *helipad*

**V** Is dit nog korter as die vlug vanaf die skip na Marion?
**A** Ja. Want die skip lê soos net hier voor.
**V** Ja. Dit is so.
**A** So dit is so 30 sekondes of iets, dan is jy op die eiland.
**V** O okay.
**A** Ja.
**V** Dan is jy waar jy moet wees.
**A** Ja.
**V** Nou goed, het julle..hoe was dit nou om die span te sien? Julle voorgangers?

**A** Dit was nogal *great* gewees want die *radio tech* wat daar was, sy was op die span gewees. Sy was een van die wetenskaplikes op die span wat ons by oorgeneem het op SANAE.
**V** O okay.
**A** En nou ook…
**V** Vince.
**A** Vince. Hy was ook op Gough gewees, maar hy was ook op die span by wie ons oorgeneem het op SANAE.
**V** Okay.
**A** So dit was *great* gewees om die mense weer te sien.
**V** Bekende gesigte ja.
**A** En natuurlik om die nuwe mense te ontmoet en so, dit was baie *nice*.

**V** Nou watter tipe dinge het die ou span alles vir julle vertel?
**A** Hulle het ons baie uitgevat, jy weet, stappies en goeters, en hulle het vir ons natuurlik al die stories vertel, jy weet, hoe dit is op die eiland, wat hulle alles aangevang het.
**V** Soos watter stories?
**A** Eiland stories jy weet? [lag] Soos al die *parties* wat hulle gehou het, en lekker dinge wat hulle gedoen het, stoute dinge wat hulle aangevang het wat hulle nie mag nie, en sulke tipe dinge.
**V** Okay. Die terrein daar, hoe is dit? Is dit ook so half platterig soos Marion, of is dit meer beberg?

**A** Ja, nee. Daarso op Gough is dit baie meer beberg. Gough is eintlik soos baie plat in vergelyking met, of Marion baie meer plat in vergelyking met Gough. Daarso is, die grond self is baie meer modderig as hierso. Dit reën ook verskriklik baie daarso. Maar in plaas daarvan dat soos die dam wat hierso lê, het jy baie modderiger tipe terrein. En dan natuurlik, die eiland is soos een groot berg wat uit die see uitkom.

**V** Okay.

**A** En so as jy enige plek stap, dan is dit gewoonlik of baie steil op of baie steil af. Ons het nogal baie gaan stap op die eiland. Selfs met die rowwe terrein. Jy leer maar om gewoond te raak daaraan.

**V** `n Dag in die lewe van die *radio tech* op Gough. Wat behels dit?

**A** Dit is nogal `n baie rustig werk, eintlik. Ek het natuurlik op Gough, het ek ook soos `n kantoor met die beste *view* wat enige iemand kan, voor kan vra. Kyk ook so uit oor die see, en die kranse en alles. So dit is ook maar, in die oggend staan ek op, dan gaan *gym* ek so bietjie, daar is nou nie `n *sauna* waar ek kan gaan sit nie, so dan vat ek maar net `n normale *shower*. Dan gaan sit ek in my kantoor, maak net seker alles is reg, want die *radio tech* op die eiland is maar baie, ek het net rêrig werk as daar iets fout gaan of breek. Daar is elke nou en dan `n skip of so wat verbykom, want daar is visserskepe wat daar rondom gaan, en dan natuurlik vragskepe wat daar verbygaan. En as hulle daar nou verbykom sal ek gesels met die ouens op die radio's, maar verder is dit ook maar kuier. `n Lekker plek om te wees.

**V** Hoe is die basis? Die gebou self?

**A** Die gebou is nogal oud. Hy is soos die ou basis hierso buite, ook soos `n *shack* basies gebou, maar hy het baie, baie karakter. Daar is baie geskiedenis in daai gebou. Dit laat dit net soos `n lekker huis voel. So dit is baie *nice*. Hy lek baie, maar dit is lekker. [lag]

**V** Nou wat is die uitdagings verbonde daaraan om op Gough te bly?

**A** Ek dink die, om op die eiland self rond te loop is nogal 'n bietjie van `n *challenge*, want daai, omdat dit so modderig is, elke tree wat jy vat is so enkel diep in die modder, jy weet?

**V** Ja.

**A** Oral, jou *boots* sit vas, suig vas in die modder.

**V** Is dit ook *gumboots*?

**A** Ja, ja. En natuurlik as jy enige plek heen geloop het, dan is jou bene en alles vol modder. En omtrent elke tweede tree wat jy gee, val jy om, want die voëls daarso is, miljoene der miljoene voëls wat, hulle grawe almal gate onder die grond. So die hele eiland is basies gate.

**V** So as jy verkeerd trap kan jy dalk op iemand se nes trap?

**A** Ja. So oral waar jy loop, dan, jy trap in `n gat en dan val jy om en dan staan jy weer op en dan trap jy in `n gat, en dan val jy weer om. So dit is redelik moeilik om te loop, maar dis, eintlik jy raak gewoond daaraan.

**V** Het julle ooit buite gaan kamp.

**A** Ja, omdat daar mos nou nie hutte op die eiland self is nie, dan moet jy al jou goed self…

**V** Okay. Ja. So het hulle vir julle tente ge-*issue*, of?

**A** Ja, daar is tente op die eiland self.

**V** Okay.

**A** Daar is meeste van die kampgoed wat jy nodig het, is op die eiland self. Ek het natuurlik `n klomp van my eie goed saamgevat, net omdat dit ligter is, en meer gespesialiseerd is.

**V** Ja, en jy weet hoe dit werk.

**A** Ja, ja. En dan moet jy natuurlik alles saam met jou dra, soos jy het `n rêrige goeie rugsak nodig. Ek het `n 85 liter rugsak. En dan moet jy al daai goeters pak, en dit kan nogal swaar raak, en dan moet jy enige plek waar jy gaan as jy nou oornag of so, dan moet jy nou al daai goed saamdra.

**V** Die terrein.

**A** Nee, dit verskil ook maar baie want jy het jou pieke wat uitkom. Gough is nou baie steiler.

**A** Maar jy het ook jou, jy weet, jou pieke, en dan het jy nou weer jou plat areas wat baie soortgelyk is aan Marion. En op Gough, daar is so `n klomp verskillende areas. Elkeen het sy eie plantegroei, en hoe dit lyk daar. Jy weet, plekke wat so perfek plat is. Wat lyk soos `n golfbaan, en dan kry jy nou weer areas wat net groot klippe is, en jy het areas waar soos massiewe boomvarings groei, en party plekke is maar net baie klein varinkies wat groei. So daarso is baie, baie verskil op die eiland. Van plek tot plek.

**V** En waar was die lekkerste plek om te kamp?

**A** Daar is `n plek Cone island op Gough. Dit is `n lekker plat area. Hy lyk baie soortgelyk aan hierso op Marion, maar hy is net nie so waterig soos hierso nie. Dit is net so lekker grasserige area waar ons kan gaan kamp. En dan natuurlik daarso reg rondom die kamp area, is albatrosse wat daarso nes maak.

**V** Ah!

**A** So, dan as jy slaan nou jou tent daar op, en dan is daar albatrosse wat besig is daarso om hulle ding te doen. Hulle sprei hulle vlerke lekker en skree vir mekaar, die kleintjies wat op die nes sit. En dan het jy ook baie voëls wat inkom in die aand.

**A** En hulle elkeen het sy eie snaakse geluide en goed. Dit is rêrig weet `n *amazing* plek om te wees.

**V** Wat het die lewe op Gough die moeite werd gemaak?

**A** Ek dink die hele ervaring. Die buitelewe ervaring. Dit is iets heeltemal anders natuurlik as SANAE, en daar kan jy amper enige tyd uitgaan. Jy kan gaan kamp, jy kan gaan orals stap. Dit is net, die hoeveelheid voëls wat daar is, dis net absoluut *amazing*. Nou het jy al hierdie verskillende soorte albatrosse hier, en hierdie groot *Wandering* -Albatrosse en die *Sooties*, die *Yellow –Nosed Albatrosses*. Hulle is net so mak hulle is. Hulle is net daarso reg by jou. En dan natuurlik die eiland wat lyk soos een of ander iets uit *Jurassic Park* uit. Dis net iets om te beleef. En dan natuurlik al die watervalle, om te gaan swem in die riviere en so.

**V** Watse diere-stories het jy?

**A** Diere stories? Wel, dit is moeilik om iets spesifiek te sê want dit is alles net so *amazing*. Die voëls wat ek die meeste *like* op die eiland, dink ek is die Skuas, want hulle is net sulke *cool* voëls. Hulle is net verskriklik *inquisitive*, hulle kom as jy net gaan sit, enige plek op die eiland, dan jy sit so vir 5 minute, dan is hier seker so 10 of 15 Skuas wat hierso rondom jou kom sit. Hulle is net so spelerig. Hulle kom hap aan jou, jy weet? En hulle kom trek jou, en as jy enige iets laat rondlê, dan sleep hulle die goed weg, en dra dit rond. En hulle kan ook *zips* oopmaak.

**V** Rêrig?

**A** Hulle maak dit, hulle trek so aan jou *zips* totdat hy oop is, en dan haal hulle alles uit jou sak uit. En die een, een van die *meteorologists* op Gough op die oomblik, het haar kamera verloor.

**V** Ahh!

**A** Omdat die Skua dit weggevat het.

**V** Goeie genugtig!

**A** Hy het hom weggevlieg. So, ja, dan is daar natuurlik, die tweede *favourite* is die *Moorhens*.

**V** Ja.

**A** Op Gough. Dit is sulke klein swart hoendertjies. Lyk amper soos hoenders op die eiland. En hulle bly reg rondom die basis, en baie plekke op die eiland is hulle, maar daar is `n klomp van hulle wat…

**V** Die *Moorhens* nou?

**A** Wat op die basis bly. En, so enige tyd wat jy buite die basis is,weet dan sien jy hulle rondhardloop daarso, en hulle is ook verskriklik *inquisitive*, hulle sal ook na jou toe kom, as jy daar gaan sit, sal hulle ook aan jou kom hap. En hulle is baie, ek sal nie sê aggressief nie, maar hulle is baie *territorial*, en dan sal die hoenders nou met mekaar kom baklei, jy weet? So hulle

is altyd, as hulle baklei, dan, hulle spring so op. Hulle lyk soos sulke goeters wat so bons op die grond.

**V** [lag]

**A** En dan sal hulle nou weet, met hulle voete na mekaar toe gaan, en mekaar skop en so, maar dit is verskriklike snaakse goeters daai, want hulle is altyd, hulle jaag mekaar oral rond, en dan baklei hulle. So dis net *amazing* om hierdie goed te sien. Dit is voëls wat, dis hierdie *huge* voëls wat net so mak is, dat jy kan reg langs hulle wees, hulle hardloop nie vir jou weg nie, hulle is nie bang vir jou nie. Dit is net rêrig *amazing*.

**V** As dit nou by die basis kom, jou spanmaats.

**A** Ja.

**V** Beskryf hulle so bietjie.

**A** Jong, dis, ek sal ook maar sê dieselfde as op SANAE. Dit is ook mense, jy weet, wat hierdie kans het om na `n eiland te gaan, in die middel van *nowhere*. Dis net hierdie *amazing experience*, en almal sien daarna uit. So dit is ook mense met daai half lus vir iets buitengewoons.

**V** En hoeveel is julle in die span? 8?

**A** Ja, ons is 8 gewees ja.

**V** Dis baie min.

**A** Ja. Dit is nogal.

**V** Was meestal tegniese personeel, of was daar mense wat navorsing gedoen het op die voëls?

**A** Ja, daar is natuurlik die 3 metkassies wat daarso is vir die weer, omdat die stasie is eintlik daar vir die weer.

**V** Ja.

**A** Want al Suid-Afrika se weer kom mos van daai kant af.

**V** Ja.

**A** En dan is daar twee bioloë op die eiland, en hulle doen alles. Hulle doen robbe, hulle doen voëls, plante, *you name it*, hulle doen dit alles. En dan die res van ons was tegniese personeel, `n *medic* en so.

**V** Okay. Natuurlik die groot muisplaag op Gough.

**A** Ja.

**V** Vertel my daarvan.

**A** Dis nogal interessant, want dis rêrig, daar is muise orals. Dis *amazing*, ek het video's geneem, kyk die muise spring so buite rond in die aand. En daar is rêrig net miljoene der miljoene van die goed. Dit is nogal `n bietjie van `n *mission* om hulle uit die basis uit te hou. Ek het natuurlik so `n *trap* gebou, so outomatiese een wat, want anderster, jy stel hierdie gewone hout *trappies* op.

**A** Ja. Jy stel hom op, jy sit hom daar neer, 5 minute later is daar `n muis in, en dan moet jy hom weer stel, want so gaan dit net aan en aan. Toe bou ek so `n outomatiese een wat, die muis hardloop so, en dan as hy verby `n sekere punt gaan, dan val hy in.

**A** In so `n aand kan jy so 30 tot 50 muise in so ding kollekteer.

**V** Genugtig.

**A** En dan die volgende oggend voer jy hulle vir die *Moorhens* en Skuas

**A** So, daar is rêrig baie muise. Hulle is orals. En hulle hou natuurlik daarvan om jou *chocolates* te eet as jy dit nie wegsteek nie.

**V** Rêrig?

**A** En…

**V** Deur die papier?

**A** Ja, hulle kou eers die papier stukkend, en dan eet hulle jou *chocolates.*

**V** Dis slim goedjies!
**A** Ja!
**V** Jis!
**A** En hulle is mak hoor.
**V** Rêrig?
**A** En dan kom daar nou weer `n muis op gehardloop, en dan stamp jy hom weer af, maar hulle is heeltyd, die hele aand lank dan vroetel hulle hierso rond in die tent, en dan as jy natuurlik enige iets binne in die tent het wat hulle kan eet, dan as jy sê nou maar `n koekie of iets laat lê het binne in die tent, jy sien die volgende oggend is daar so gaatjie in die tent geëet, en die koekie opgeëet, so.
**V** Goeie genugtig.
**A** So, ja. Mens kan nie enige iets binne in die tent eet nie. Jy moet alles buite los en dit goed toemaak.
**V** Nou die spandinamiek tussen die 8 van julle, hoe was dit?
**A** Dit was heel oraait gewees. Ek meen ons het redelik oor die weg gekom. Daar was maar die bietjie politiek tussen die mense, maar ons het goed oor die weggekom.
**V** So dink jy jou tyd op SANAE het jou voorberei om die situasie te kan hanteer?

**A** Ja, nee. Definitief, omdat jy leer hoe die spandinamiek werk in so `n klein omgewing, nou weet jy min of meer wat om te verwag. So dit leer jou om met mense in `n klein groep te werk, en hoe om self in`n klein groep te werk. So ja-nee definitief.
**V** Okay, nou wat het julle alles gedoen vir ontspanning?
**A** Daar is natuurlik ook lekker geriewe. Daar is mos *pool* tafel, tafeltennis, en nou mos `n lekker *bar* daarso, en daar is natuurlik `n buite braai.
**V** Ah.
**A** So ons kan buite gebraai het, selfs al reën dit, daar is so lekker afdak wat ons het, en omdat die weer nou lekker is, kan jy mos nou lekker braai buite.
**V** Ja.
**A** En dan natuurlik, ons het verskriklik baie gaan stap, en ook die bioloë gehelp met die werk wat hulle gedoen het, omdat hulle net twee mense was, was dit nogal `n bietjie baie werk vir daai 2 ouens. So ons het hulle uitgehelp met wat hulle daar gedoen het.
**V** En in die winter?
**A** In die winter, dit raak nie so koud in die winter nie. Dit reën baie, maar dit reën maar meeste van die tyd daarso.
**V** Okay.
**A** So ek het nou, as dit baie erg is, het ek myself besig gehou. Ek speel *keyboard* of, ek het geleer om kitaar te speel, of ons kuier maar net daarso. So, jy hou jouself maar altyd besig.
**V** Altyd iets om te doen.
**V** Nou, het julle baie interaksie gehad met ander basisse, of met Marion of internasionaal, of…

**A** Nee.
**V** Oor die radio?
**A** Nee, daar is maar, baie min interaksie met ander basisse. Daar is nou wel die skepe wat daar verby kom.
**V** Ja?
**A** Daarso is die Endinburgh, dit is die Tristan da Cunha se visvang skip.

**V** O okay.

**A** So, hulle kom van gereeld daar rondom die eiland kreef en vis. So as hulle daar omkom, dan bring hulle baie keer vir ons pakkies…

**V** O dis lekker.

**A** Van die huis af, want hulle kom van Kaapstad af.

**V** Okay.

**A** So dan bring hulle vir ons pakkies en goed van familie en so af…

**V** Ag, lekker.

**A** Wat ons natuurlik baie bly oor is, en as daar dan `n vragskip daar verbykom , jy weet, dan sal ons nou met hulle gesels of so, maar dit is omtrent die enigste interaksie wat ons het met ander mense daarso.

**V** En het julle visgevang op Gough?

**A** Ja! Ja, dit was baie lekker gewees.

**V** Mag julle?

**A** Ja! Ja, dit is, daaro mag jy visvang. Jy mag vis en kreef uithaal soveel as wat jy wil hê.

**V** En het julle kreef geëet tot dit by julle ore uitkom?

**A** Ja, ons het. Ek kan nou nog nie weer kreef eet nie.

**V** [lag]

**A** Ek het net so baie van dit geëet, ek het nog steeds so groot boks vol kreef wat ek huis toe gevat het.

**V** Ah!

**A** Dit lê by die huis, en ek wil dit nie meer hê nie.

**V** Goeie genugtig.

**A** Maar dit is lekker om daar te vis te vang, want jy gooi van die wal af. Daarso is `n paar plekke waar jy kan visvang, maar jy gooi basies net in en trek uit, dan het jy `n vis.

**V** Jislaaik.

**A** So jy eet so baie vis, daar is mos die Snoek en die Jacob-kewers, en die *Five Fingers*. Baie, baie lekker eetvisse, maar jy vang so baie van dit, dat jy later net nie meer lus is vir die vis nie.

**V** Wow, dis nogal…

**A** En dan natuurlik die kreef is volop, dis sulke lekker groot krewe.

**V** En is hulle so rooi?

**A** Ja, ja.

**V** Die kommunikasie met Suid-Afrika, was dit maar dieselfde as SANAE in terme van internet, soos Skype, oproepe…

**A** Ja, ja. Dit is bietjie stadiger as SANAE, omdat op SANAE het hulle die internet bietjie vinniger gemaak. Juis vir al die data, vir die fisika wat moet deurgestuur moet word, maar op Gough is dit maar net die weer, en omdat daar so min mense is, is die internet bandwydte so bietjie kleiner, maar dit is nog steeds *great*. Jy kan nog steeds met jou Skype doen. Nou nie video Skype nie…

**V** Ja.

**A** Maar jy kan enige tyd op die internet gaan, dis nog steeds net lekker.

**V** Nou is daar enige insidente waaraan jy graag dink, ervaringe wat julle gehad het?

**A** Weet jy, dis weereens baie moeilik om te sê jy weet, dit en dit en dit. Ek kan dink ons het `n baie lekker *Halloween* party gehad.

**V** Ah.

**A** Op Gough wat ek reg kan onthou, dit was baie lekker gewees. Ek kan nie die hele aand onthou nie, maar ons het met *Halloween* ons almal so opge-*dress* as een of ander iets wat

veronderstel is om *scary* te wees. Ek dink dit was meer snaaks gewees as iets anders.

**V** Ja.
**A** Maar toe het ons die heel aand lank gekuier tot die volgende oggend een of ander tyd, maar dit was rêrig, rêrig baie lekker gewees.
**V** En het julle midwinter gevier?
**A** Ja, ja. Ons het ook *party* gehou vir die midwinter, maar dis so vir enigiets. As jy `n verskoning kry om `n party te hou, dan doen jy.
**V** Het julle op midwinter boodskappe gekry van…
**A** Ja, ja. Ons kry boodskappe van al die ander Antarktiese stasies, en so stuur ons ook weer sê nou maar `n foto met almal daar op en *happy midwinter* en so. Dan stuur ons dit nou weer uit vir al die ander basisse.
**V** Okay. Lekker. Nou, is daar enige insidente wat jy liefs wil vergeet wat nou nie so lekker was nie?
**A** Ja, daar is `n paar, maar dis maar nou, jy weet span-politiek wat dinge nie so lekker uitgewerk het nie, en bietjie bakleiery en so, maar dit vergeet ek gewoonlik *anyway*. So ek onthou gewoonlik net die lekker dinge wat gebeur het, die slegte dinge vergeet ek. `n Paar jaar van nou af sal ek nie eers vir jou kan sê of daar enige iets slegs gebeur het nie, so. Dit is maar nou net hoe ek is.
**V** Ja, okay. En dan sê vir my, het julle vars kos gehad?
**A** Nee.
**V** So dit is dieselfde reëls as op Marion?
**A** Ja. Presies dieselfde.
**V** In terme van inheemse indringerspesies…
**A** Ja, ja.
**V** Wat daar op is, en so. Okay, nou wat het julle dan gemaak? Ook maak weer beurte gemaak met die *skivvy* en die kosmaak?
**A** Ja, ja. Ons maak maar beurte om kos te maak, maar ons probeer om dit altyd interessant te hou. Ek *like* dit om soos iets snaaks te doen, en snaakse disse te maak, en bietjie ekstra moeite te doen om kos te maak.
**V** Ja lekker. Jy het mos nou die tyd.
**A** Ja. Dit is die lekker ding. By die huis moet jy betaal vir al daai goed as jy iets snaaks wil maak, en dan as dit nie lekker uitkom nie, dan het jy nou al daai geld spandeer, maar daarso. Jy het alles, jy het `n hele stoor vol kos. Jy kan net daar instap so okay, ek wil van daai en daai en daai hê, eksperimenteer jy so bietjie en so. Dis eintlik baie lekker om so kos te kook.
**V** Pret. Nou, het julle enige van die diere mak gemaak of so iets? Of was hulle maar net altyd daar?
**A** Ja, die diere is maar altyd daar. Daar was toetse wat die twee bioloë gedoen het op die eiland Hulle wil nou `n *mouse eradication* doen wat hulle gif strooi oor die hele eiland om die muise dood te maak, maar die probleem is van die voëls eet die dooie muise.
**A** So dan sal hulle ook nou vrek. Wat hulle nou wil doen is om soveel as moontlik van daai voëls te vang, dis nou die *Moorhens* en die *Buntings*, wat nou amper soos `n groot mossie is…
**V** Okay.
**A** Op die eiland. En hulle dan in hokke te hou in daai tyd.
**V** Sodat hulle nie die risiko…
**A** Ja, sodat hulle nie daai gif eet nie. En dan daarna sal hulle, hulle vrylaat. So, vir `n paar maande op die eiland het hulle sulke groot hokke gehad, en dan het hulle elke 6 weke, het hulle nou net `n paar van die voëls gevang en hulle dan aangehou in die hokke net om te sien jy weet, hoe die voëls dit hanteer.
**V** Ja.

**A** As hulle nie te veel stres nie en of hulle goed eet, en so. So natuurlik daarna as die voëls uit die hokke uitkom en so, dan is hulle redelik mak, en hulle wil nie rêrig weggaan van die hokke af nie.

**V** O ja.

**A** Want hulle word gevoer daarso en kry mos lekker kos en alles.

**V** Blyplek en baie veilig...

**A** Ja.

**V** Nou. Het julle ooit, het julle alleen gaan stap of het julle maar eerder in groepies gaan stap?

**A** Ja. Ja, nee, daarso is `n reël dat jy mag nie gaan alleen stap nie, want veral daarso as jy seker 100 m van die basis af is, dan verdwyn jy in die bosse. So dis maar altyd beter dat julle saam-saam stap. Dit is maar net vir veiligheid.

**V** Iemand het nooit weggeraak of enige so iets nie?

**A** Nee, nee. Glad nie.

**V** Nee, ek vra maar net, want daar was al insidente.

**A** Ja, ek weet daarvan.

**V** Nou terwyl jy nou daar was, het jy enige interessante nuus van Suid-Afrika af gekry wat jy kan onthou?

**A** Jislaaik. Nee, ek kan nie enigiets spesifiek onthou nie.

**V** Okay. Daar is ook niks geskiedkundigs wat dalk daar gebeur het nie?

**A** Nee. [lag] Nee, nee daar is niks spesifiek, soos `n groot ding wat gebeur het daarso nie.

**V** Nou, wat is die moeilikste ding daarvan om op Gough te bly?

**A** Dit is weer eens die, jy weet, om so weg te wees van die huis af. Dit is nogal, jy mis - jy het jou familie en vriende by die huis, en net half *society* in die algemeen. Ek sou sê dit is seker die moeilikste ding, maar jy weet die weer en die terreinis, kan die lewe nogal partykeer `n bietjie moeilik maak.

**V** Ja.

**A** Maar jy benut dit soveel as wat jy kan.

**V** Nou wat is die lekkerste ding daaraan?

**A** Lekkerste ding is om net uit te kom en te kan gaan stap, so gereeld, omdat my werk het, was nie verskriklik, het my nie baie gebind aan die basis self nie. So ek kon baie gaan stap het. As een van die ander ouens af is, dan kan ons gaan stap, en ons kan sommer bietjie gaan kamp. En as die bioloë besig is met iets, dan kan ek hulle gaan help daarso. So dit is net daai om, jy weet, om in die *outdoors* uit te gaan en dit is amper soos om `n baie lang vakansie te hou waar jy gaan kamp en tekere gaan. So dit was baie lekker.

**V** Nou hoe vergelyk die twee ervarings vir jou?

**A** Ja?

**V** SANAE en Gough.

**A** Dis nogal moeilik. Ek dink nie jy kan dit rêrig vergelyk nie. Dit is al twee *amazing experiences* gewees, maar die een, hy het sy eie manier, SANAE het sy eie manier van wonderlike ervarings. En Antarktika is, jy het nou wel nie al die diere nie, maar jy het hierdie *amazing* landskap jy weet. Die sneeu, die ys, die weer wat daarmee gepaard gaan, die Auroras, jy weet, alles, en natuurlik, dit is Antarktika. Dit maak dit net *amazing*. En Gough is nou die voëls wat daar is wat jy nêrens anders sien nie. Dis hierdie *amazing* landskap wat jy nie kan beskryf nie. Dis om daar uit te gaan en te gaan kamp wanneer jy wil. So ek kan dit nie rêrig vergelyk nie, maar al twee was *amazing* gewees.

**V** Nou, beskryf Gough.

**A** [lag] Dit is nou vir jou baie moeilik. Ek sou dit seker beskryf as die eiland in *Jurassic Park* met al die varings en voëls wat seker amper so groot is soos *dinosaurs* wat daar rondvlieg; die albatrosse, die watervalle, *amazing* plek om te gaan kamp met sy reën en sy lekker weer en visvang, en alles so deurmekaar ingemeng.

**V** Nou dink jy die tyd op Gough het jou hoe gehelp om voor te berei vir jou tyd nou op Marion?

**A** Ja, ek dink dit het seker bygedra.

**V** Ja.

**A** Ek dink omdat ek nou al voorheen voorbereid was…

**V** Ja, ja.

**A** Op SANAE. Dit is nie nou meer iets nuuts nie, maar dit is steeds iets wat ek geniet het.

**V** Nou hoe is dit nou om so gereeld met SANAP en DEA te moet saamwerk?

**A** Dit kan nogal stresvol wees partykeer, as gevolg van al die politiek en goed wat daarmee gepaard gaan, maar dit is `n interessante leer-ervaring, en leer natuurlik baie nuwe goeters by soos wat ek aangaan, elke keer as ek daar is, is dit heeltemal nuwe goed wat ek leer en so, maar nee, ek gebruik dit soos wat ek kan.

**V** Nou jy het nou SANAE gedoen, jy het Gough gedoen, hoekom is jy nou op Marion?

**A** Ek dink dit is want nou het ek die vorige twee gedoen, en toe het ek gedink, nou is hierdie kans om Marion toe te gaan omdat ek nou al by die vorige twee was, staan ek nou `n beter kans om Marion te kan doen om werk te kry. Toe het ek gedink, jy weet, terwyl ek nou kan, ek is nog jonk, ek is nou nie vas verbind aan enige iets nie, soos ek doen dit nou jy weet, en dan het ek dit gedoen.

**V** Fantasties. En jy is ook die *radio tech* hierso?

**A** Ja. Ja, ek is die *radio tech* hier.

**V** Nou, was jy al so bietjie in die ou basis gewees?

**A** Ja, ek het al daar gaan rondkyk. Dit is nog steeds *confusing*, ek raak nog so bietjie verdwaal as ek daar binne loop, maar dit lyk asof die plek baie karakter het of so. Ons sal dit nou nooit ervaar…

...Soos wat die ou spanne dit ervaar het nie, vir ons is dit nou net half daai…

Daai *shack* daaronder, maar dit lyk nogal asof daar baie geskiedenis en tradisie in daai gebou sit.

**V** Nou wat dink jy van die nuwe basis?

**A** Die nuwe basis is nogal *amazing* hoor, ek moet sê ek het foto’s gesien van die plek, maar dit was ook eers toe ek hier kom toe is dit net, wow, die plek is rêrig *amazing*. Dit is rêrig soos `n hotel wat hulle hierso het, maar ek raak nog steeds verdwaal in die plek. Elke keer moet ek net eers hier staan en kyk, nou watter kant toe moet ek nou gaan. Maar dit is `n groot plek, ek is so bietjie bang vir *skivvies* as almal weg is.

**V** Ja ek het nogals gehoor die mense is nie altyd baie gelukkig daaroor nie.

**A** Ja.

**V** Nou net in terme van die gebou en jou gebruikservarings van die 3 basisse, watter gebou is vir jou die lekkerste?

**A** Sjoe. Ek dink hierdie ene gaan nogal redelik wees met sy *sauna*, *Jacuzzi* en sulke dinge, maar ek dink ek sal moet wag en sien. Gough het natuurlik weer al daai tradisie…

**V** Ja.

**A** Die gebou self, want dit is so `n ou gebou, daar is al daai geskiedenis wat daaraan verbonde is. Hierdie is nou `n hele nuwe gebou, nousy eie geskiedenis moet nou…

**V** Ja.

**A** Geskep word. So nee ek dink ek sal maar moet wag en sien.

**V** Is daar enige iets wat jy wil byvoeg?

**A** Nee, dit was net baie lekker gewees om altwee te doen, en ek is seker daarvan ek gaan hierdie een net so baie geniet.

**V** Nou ook, nou wat sien jy uit om te doen of te ervaar hier op Marion?

**A** Ek sien natuurlik daarna uit om te gaan stap op die eiland.

**A** Hierso is dit net soveel makliker om te stap, en jy het dit hitte op die eiland, en dit is baie makliker om te stap hierso, behalwe as jy bietjie op die maaiers gaan stap, dat jy so bietjie insink, maar dis eintlik iets waarna ek baie uitsien is om uit te gaan en te gaan stap, Round Island te gaan doen, al die albatrosse en al die verskillende pikkewyne te sien, en net te gaan uithelp met die robbe, hulle te gaan weeg en so. So waarna ek uitsien is net om uit te kom en buitelug te geniet.

**V** Baie, baie dankie.